SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 4 AUGUSTUS 2002

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

SARL HF FOONWEDSTRYD EN UITSLAG VAN VORIGE WEDSTRYD

IRS GAAN TWEE MEER AMATEURRADIOANTENNAS BYKRY

WERKGELEENTHEID BY NARS

SAATI 2002 - LINUXLABORATORIUM

KLUBNUUS

AMATEURGOEDERE TE KOOP

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio aan sarlnews@hotmail.com nie later as die Donderdag wat die bulletin vooraf gaan, in te stuur. Indien moontlik stuur dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede:

SARL HF FOONWEDSTRYD

Die SARL HF foonwedstryd word eerskomende Sondag 4 Augustus 2002 vanaf 15:00 tot 18:00 SAST gehou. Die doel van die kompetisie is vir deelnemers om soveel moontlike kontakte te maak met amateurs in suidelike Afrika op 20, 40 en 80 meter in die amateurbande. Die volgende frekwensies word voorgestel nl 14,125 tot 14,175 MHz, 7,040 to 7,080 MHz en 3,600 tot 3,650 MHz. Deelnemers kan of enkeloperateurs of multioperateurs wees. Die RS(T) en 'n reeksnommer beginnend by 001 word uitgeruil. Die telling is 1 punt per kontak, 2 punte vir elke area op elke band en 2 punte vir kontak met 'n stasie op al drie bande. Die areas is ZS1, ZS2, ZS3, ZS4, ZS5, ZS6 en Area 7 (oostelike groep); 3DA, 7P, 7Q, 9J, C9, Z2, ZS8 en Area 8 (westelike groep) en A2, D2, V5, ZD9 en ZS7.

Sertifikate sal toegeken word aan die eerste drie plekke en die hoogste enkelbandtelling in die wedstryd. Daar sal ook 'n trofee wees vir die hoogste gesamentlike telling in beide die gelykgolf- en foonafdelings van die kompetisie. Logstate moet gestuur word aan "Die Wedstrydkomitee, Posbus 48052, Hercules, 0030".

Die resultate van die eerste been is as volg:

```
1e:  Michael Roodt       ZS6BHF    Punte: 290
2e:  Dennis Green        ZS4BS     Punte: 220
3e:  Bill Norval         ZS5KD     Punte: 190
```

Slegs drie deelnemers het logstate ingestuur en ons het ook 'n paar toetsstate ontvang. Die komitee was bekommerd oor die lae getal inskrywings, maar omdat die verandering van die klubadres oor dieselfde tydperk plaasgevind het as die inskryftydperk, kon 'n paar inskrywings weggeraak het.

Die wedstrydkomitee wens die wenners geluk en hoop dat die volgende been van die 80m QSO-partytjie, wat plaasvind op die eerste Donderdag van Oktober van 19:00 tot 22:00 net so goed ondersteun sal word.

IRS GAAN TWEE MEER AMATEURRADIOANTENNAS BYKRY

Die laaste twee amateurradioantennas vir die die Internasionale Ruimtestasie is geskeduleer om hierdie maand op sy Zvezda diensmodule, die bemanning se woonkwartiere, geïnstalleer te word. Die spesiaal ontwerpte buigsame bandantennas sal AmateurRadio aan boord die Internasionale RuimteStasie (ARISS) op BHF- en UHF-bedryf ondersteun en is soortgelyk aan die antenna wat deur aflossspan 4 op 14 Januarie geïnstalleer is.

ARISS se internasionale groepsvoorsitter, Frank Bauer, KA3HDO, sê huidige planne vereis dat ekspedisie 5 se bemanningslede ruimteuitstappe (genoem buitevoertuigaktiwiteite of BVA's) op 16 en 22 Augustus onderneem wanneer die antennas geïnstalleer kan word. Die hele amateurekspedisie 5 spanlede is bevelvoerder Valery Korzun, RZ3FK, ruimtevaarder Sergei Treschev, RZ3FU, en VSA- ruimtevaarder Peggy Whitson, KC5ZTD.

Bauer het gesê sodra hierdie antennas geïnstalleer en 'n aantal toetse wat vir September in Rusland beplan voltooi is, sal addisionele IRS- amateurradiotoerusting in die diensmodule geïnstalleer word.

ARISS se oorspronklike amateurradiotoerusting, 'n enkelband Ericsson 5W, 2m handdraagstel is in die Zarya Funksionele Vragblok geïnstalleer en gebruik 'n antenna oorspronklik geïnstalleer om te help met vasmering en buitevoertuiguitstappies. Die nuwe BHF-UHF-antennas en 'n buigbare band HF- antenna wat ook op 25 Januarie geïnstalleer is, is ontwerp vir en toegewys aan ARISS-bedrywighede. Op hierdie stadium is daar geen HF-toerusting aan boord die IRS nie.

Na hierdie handeling sal daar twee aparte amateurradiostasies aan boord die IRS wees en multibandbedryf sal moontlik wees. Lateraan sal HF- en hoërkrag BHF- en UHF-toerusting geïnstalleer word.

Pakketoperateurs word aangeraai om te hou by UNPROTO-bedryf sover moontlik en om die pakketposbusstelsel so min moontlik, indien geheel en al, vir kort boodskappe te gebruik.

ARISS is 'n internasionale projek gesamentlik geborg deur die ARRL, NASA en AMSAT. 'n Publikasie genaamd "2001: an Amateur Radio Space Odyssey on the International Space Station," wat besonderhede oor die ontwikkeling van ARISS verskaf en die vier nuwe ARISS-antennas bespreek, is beskikbaar op die ARISS- webwerf nl http://ariss.gsfc.nasa.gov/EVAs/amsat01.pdf.

WERKGELEENTHEID BY DIE NARS

Dit spyt die SARL om aan te kondig dat die administratiewe beampte by die NARS, me. Marlette Kroukamp, die diens van die SARL verlaat het. Om ontwrigting en diensonderbrekings wat met sulke personeelomsette saamgaan te verminder, het die raad besluit om kontinuiteit te verbeter deur 'n bykomende persoon op 'n halfdaggrondslag in diens te neem.

Die SARL het dus 'n vakature vir 'n halfdagpos by die NARS te Radiokop. Dit is die bedoeling van die raad van die SARL om hierdie pos te vul met 'n radioamateur wat sy of haar eie vervoer het. Van die bekleër sal verwag word om weeksdae van 08:00 tot 13:00 by die NARS algemene administratiewe werk te doen, wat skakeling met SARL lede insluit.

Persone wat in die omgewing van die NARS woon en in die pos belangstel, kan meer inligting bekom deur voor of op eerskomende Woensdag 7 Augustus 2002 met Fritz Sutherland, ZS6ASF in aanraking te kom. Fritz se telefoonnommers verskyn op bladsy een van elke Radio ZS maar word weer hier weergegee: skakel hom by 012 997 1114 of 083 304 0028.

SAATI 2002 - LINUXLABORATORIUM

SAATI beplan om op Saterdag 17 Augustus 'n Linuxlaboratorium te hou. Die idee agter die byeenkoms is om mense te help om met Linux te begin. So 'n persoon sal sy eie persoonlike rekenar, sonder sleutelbord en skerm tebring en dan sal Linus daarop geïnstalleer word.

Indien iemand Linux geïnstalleer het, maar dit nie aan die werk kan kry nie, sal daar kundiges wees wat sal help om dit aan die gang te kry. Daar sal geen fooi betaalbaar wees nie. Die laboratorium is ook oop vir enige persoon, jonk of nie so jonk nie.

Ander organisasies is ook welkom om teenwoordig te wees. Hulle mag hulle eie dienste en produkte op die kantlyn bemark. Dit word beplan om die verskaffer van versiende hardeskywe teenwoordig te hê indien iemand nie genoeg skyfspasie beskik om Linux te installeer nie.

Die absolute minimum spesifikasie benodig om Linux te ondersteun is i386, 4Mb RAM en 100Mb skyfspasie, maar hierdie is baie beperk. Die voorgestelde minimum is eintlik i486, 16Mb RAM en 2,5Gb skyfspesie.

Die laboratorium sal gehou word by die Clapham High School in Soutpansbergweg en behoort om 09:00 te begin.

Indien u nadere besondere verlang maak asb kontak met Louis Kruger by e-pos louis.kruger@iscor.com of by 082-336-2597 of enige lid van die SAATI-bestuur.

VOLGENDE RAE

Die datum vir die volgende RAE is 17 Oktober 2002. Sluitingsdatum vir inskrywings is 10 September 2002. Die inskrywingsvorms is beskikbaar op die SARL webwerf www.sarl.org.za of kan telefonies aangevra word vanaf die SARL- kantoor by 011-6752393. Die inskrywingsfooi vir die eksamen beloop R250-00. Hierdie bedrag sluit die kandidate wat slaag se lisensiefooi vir die huidige jaar en sertifikaatkoste aan OKOSA in.

KLUBNUUS

VAALDRIEHOEK AMATEURRADIOKLUB

Neem asseblief kennis dat die Vaaldriehoek Amateurradioklub se herhaler wat op 145,375MHz gewerk het, se frekwensie verander het. Die nuwe frekwensie is 145,6375MHz. Die herhaler het 'n 12,5KHz filter ingebou en u word daarop gewys dat u die modulasievlakke laag moet hou om in te val met die nouer 125KHz kanaalspasiëring.

Ons saai ook elke Sondagaand om 20:30 'n bulletin van nuus op die 2m herhaler uit asook op 80m op 'n frekwensie van 3,6375MHz.

SANDTON AMATEURRADIOKLUB

Die Sandton Amateurradioklub sal weereens 'n kursus aanbied vir diegene wat die RAE wil skryf gedurende Oktober 2002. Lesings sal elke Donderdagaand by die NARS te Radiokop (Honeydew) gehou word. Inskrywings vind op Dinsdag 6 Augustus 2002 plaas.

AMATEURGOEDERE TE KOOP

OK Kalle, ZR6KMP, van Corlettrylaan 220, Bramley, gaan verhuis en het dus 'n klomp elektroniese, radio- en toetsapparaat wat hy gaan verkoop. Hy sal 'n opedag hou by sy huis op Saterdag 10 Augustus asook Saterdag 17 Augustus 2002. Verkope begin om 09:00 en duur tot 15:00. Tee, koffie en koeldranke sal te koop aangebied word. Daar is parkering vir 20 motors binne die erf en vele meer parkering buite.

Hierdie bulletin is saamgestel deur Martin, ZS6ABU, en gelees deur …….. vanuit …….. as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 21560, 9750 en 7082 kHz en 145,625 MHz in die Ooslonden-, 145,650 in die Durban- en 145,750 MHz in die Pretoriagebied te luister. 'n Heruitsending

kan Maandagaande om 20:00 SAT op 3215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Kom neem ook deel aan die net van die President van die SARL wat Sondae om 12:00 op 7082 kHz op die lug is.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. 'n Groot woord van dank aan diegene wat wat items vir hierdie bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereeld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.